University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



# HOOFSTUK II

## 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE AARD VAN DIE ONTWIKKELING VAN DIE MUSEUMWESE IN SUID-AFRIKA

In die eerste hoofstuk is aangetoon dat die opelugmuseum-fenomeen oor bykans die hele wêreld versprei het en gevestig is. Ons moet egter nou ons verbasing uitspreek dat Suid-Afrika in 1978 nog nie sy nasionale opelugmuseum opgerig het nie. Hierdie verbasing is nog groter as ons in aanmerking neem dat Suid-Afrika by uitstek in 'n besonder gunstige posisie verkeer om hierdie museum-tipe te ontwikkel en te vestig. Ons hoef hier maar net 'n paar faktore te noem waarmee Suid-Afrika die meeste ander lande, veral dié in Wes-Europa, voor is.

Eerstens is daar die besonder gunstige klimaat waarvoor Suid-Afrika algemeen bekend is. Menige opelugmuseum in Europa moet eenvoudig sluit gedurende die wintermaande, gewoonlik van November tot April. Selfs in die somer moet ook buitengewone maatreëls getref word om boukonstruksies en ander voorwerpe teen oormatige klammigheid en wisselende temperature te beskerm. Daarby bied die gunstige klimaat van Suid-Afrika besondere geleenthede aan sy inwoners en veral aan toeriste om belang te stel in buitemuurse aktiwiteite.

In teenstelling met baie ander lande het Suid-Afrika ook relatief meer ruimte beskikbaar vir so 'n onderneming. Enige stad in Suid-Afrika kan byvoorbeeld soveel makliker vyftig hektaar vir 'n opelugmuseum afstaan as 'n soortgelyke stad in Engeland, Nederland of die Skandinawiese lande.

'n Derde faktor wat in die guns van Suid-Afrika tel en moeilik deur enige land ter wêreld geëwenaar kan word, is sy geweldige rykdom aan natuurskoon en plantegroei, verskeidenheid dierelewe en wisselende geografie. Verder ook die aanwesigheid van 'n groot aantal inboorlingstamme en die bestaan van 'n Blanke gemeenskap wat op sigself nie homogeen is nie. En dit is juis hierdie verskillende aspekte wat eeue lank reeds die belangstelling van

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



die wêreld en in die besonder van die wetenskap geniet, wat so gunstig deur museumkundiges in die opelugmuseum benut kan word. Geen opelugmuseum ter wêreld kan so 'n verskeidenheid kulture in eie geledere verbeeld, as wat in Suid-Afrika tot beskikking van die museumkundige is nie. Voeg hierby nog die argeologiese rykdom wat 'n voortreflike voorraad primitiewe kuns aan die lig gebring het, en voorafgaande bewering is gestaaf.

Nieteenstaande hierdie en ook nog ander onweerlegbare getuienis oor die uiters gunstige omstandighede vir die totstandkoming van 'n opelugmuseum, teenoor dié in baie ander lande, moet die droewige werklikheid gekonstateer word dat dit nog nie in Suid-Afrika gebeur het nie.

Die logiese vraag wat nou beantwoord moet word is: waarom nie?

Daar is nie 'n enkelvoudige antwoord op hierdie vraag nie. Dit is egter gebiedend noodsaaklik dat ons die hoofoorsaak vir hierdie ongelukkige toedrag van sake moet bespreek. En sonder vrees vir teëspreek lê die hoofrede in die ewe droewige feit dat die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika sedert die volksplanting skroomlik agterweë gelaat is. Dit lê dus voor die hand dat die ontwikkeling van 'n opelugmuseum eenvoudig nie kon plaasvind nie, aangesien dit, soos reeds aangetoon is, juis 'n gevorderde fase in die ontwikkeling van die kultuurhistoriese museum verteenwoordig. Dit is dus nodig om hierdie agterstand van die kultuurhistoriese museum in historiese perspektief te plaas. Dit kan egter alleen sinvol gedoen word deur die aard van die ontwikkeling van die museumwese in Suid-Afrika te beskryf.

i <u>'n Ongeëwenaarde belangstelling van wetenskaplikes, reisigers en amptenare in die natuur en inheemse bevolking van Suid-Afrika</u>

Tydens die Wetenskaplike Rewolusie wat Europa gedurende die sewentiende en agtiende eeu beleef het, was Suid-Afrika, vanweë sy ongerepte natuur en die besondere aard daarvan, een van die gebiede van die Nuwe Wêreld wat in die gesigveld van die Europeër gekom het. Sedert die eerste ontmoeting met die nuwe omgewing was dit veral die fauna en flora van die Kaap wat 'n onuitwisbare indruk gelaat het. En hoe meer die nuus van hierdie ontdekking versprei het, hoe groter het die drang na meer kennis oor die onbekende gegroei; asook 'n neiging tot die avontuur om op 'n reis die binneland in,

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


nog een van die talle onbekende spesies te ontdek. Só word 'n byna konstante stroom reisigers tot in die negentiende eeu na Suid-Afrika gelok. Sommige van hierdie belangstellendes doen dan die moeite om reisbeskrywings te publiseer wat soms baie noukeurig en dikwels ook baie onnoukeurig 'n beskrywing van veral die fauna en flora van die land gee. Hierdie reisbeskrywings bied 'n waardevolle aanvullende bron oor die reaksie van die reisigers teenoor die nuwe omgewing en ook teenoor die groot aantal inboorlingstamme en die nuwe Blanke volk wat hier ontstaan het. In die bibliografie wat Pelzer van hierdie reisbeskrywings opgestel het,[1] verskyn 370 titels van sulke werke, terwyl hy self nie op volledigheid aanspraak maak nie.

Een van die eerste beskrywings wat aandag skenk aan die besondere plantegroei dateer reeds uit 1624 uit die pen van die Nederlandse sendeling Justus Heurnius (1587 - c1653).[2] Hy stap in Tafelbaai aan wal op sy reis na Oos-Indië en onderneem 'n kort ekspedisie na Tafelberg. Hy versamel 'n aantal plante en skets ook ander wat hy sien.

Dit word egter algemeen aanvaar dat Paul Herman (Hermannus) (1646 - 1695), professor in Botanie aan die Universiteit van Leiden, die eerste plantkundige was wat iets van die botaniese rykdom van die Kaap openbaar het.[3] Hy het tussen 1670 en 1677 'n reis na Ceylon onderneem en by die Kaap aangedoen.

Die belangstelling in die natuurkunde aan die einde van die sewentiende en begin van die agtiende eeu word ook weerspieël in die beskrywings van onder andere Francois Valentyn (1666 - 1727) wat tussen 1685 en 1714 die Kaap vier keer besoek het[4] en Peter Kolbe (1675 - 1725) wat van 1705 tot 1713 aan die Kaap vertoef het.[5] Hulle albei het goeie beskrywings van fauna en flora asook van inboorlinge in hul werke nagelaat.

In die sewentigerjare van die 18e eeu besoek twee prominente Sweedse geleerdes die Kaap, naamlik Anders Sparrman (1748 - 1820) en Carl Peter Thunberg (1743 - 1828). Albei was geneeshere en voortreflike natuurkundiges wat elk 'n besondere bydrae tot die kennis van die natuurkunde van Suid-Afrika gelewer het. In teenstelling met Thunberg wat in sy "Travels in Europe, Africa and Asia made between the years 1770 and 1779" hoofsaaklik die klem laat val op die plantkunde, lewer Sparrman in sy geskrif "Reize naar de Kaap de Goede Hoop, de Landen van den Zuid Pool en rondom de

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Wereld; doch voornaamlijk in de Landen der Hottentotten en Kafferen; in de jaaren 1772 tot 1776 gedaan" besonder lewendige en akkurate kommentaar oor inboorlingrasse, aardrykskundige, plant- en dierkundige waarnemings. Dit is ook bekend dat albei nie slegs aan beroemde wetenskaplikes soos Carl Linnaeus (1707 - 1778), prof Joh Burman (1707 - 1779) en sy seun en opvolger N L Burman (1733 - 1793), uitgebreide versamelings uit die Kaap gestuur het nie, maar dat hulle self ook voortreflike versamelings na Europa teruggeneem het.[6] Die herbarium van Thunberg het meer as drie duisend soorte plante uit die Kaap bevat. Baie van hierdie plante was nog nie aan die wetenskap bekend nie. Op sy beurt het Sparrman, toe hy die Kaap in 1776 verlaat, 'n omvangryke versameling plant-, dier- en volkekundige monsters met hom na Stockholm meegeneem.[7] Soos verwag kan word is albei hierdie manne deur wetenskaplikes, uit erkenning vir die kosbare bydrae tot meerdere kennis van die natuurkunde, vereer deur verskeie spesies Kaapse plante na hulle te noem. Die stroom besoekers aan die Kaap het ononderbroke in die 19e eeu voortgeduur op 'n rustelose speurtog na nog meer kennis, avontuur en een of ander spesie wat nog nie aan die wetenskap bekend was nie. Onder hulle was die pynlik noukeurige natuurkenner en kunstenaar, Burchell (1781 - 1863) wat werk van hoogstaande gehalte gelewer het.[8] Hiervan getuig nie alleen sy enorme versameling plantkundige, geologiese, dierkundige en entomologiese voorwerpe nie maar ook sy manuskripte en kosbare sketse van allerlei aard. Veral sy herbarium, wat op ongeveer 140 000 velle aangebring was en uit 15 000 verskillende plantsoorte bestaan het, het nie alleen die Royal Botanical Gardens, Kew, verryk nie maar ook die werk van baie ander mense. Sy werk as natuurnavorser is ongeëwenaar in die geskiedenis.[9]

Ander bekende besoekers wat in die 19e eeu goeie bydraes gelewer het was onder andere James Backhouse,[10] Thomas Baines,[11] Lichtenstein,[12] Andrew Steedman[13] en M D Teenstra.[14] Hulle, en baie ander, het met hul geskrifte, sketse en versamelings die belangstelling in die natuur en die mense van Suid-Afrika oor lange jare lewendig gehou.

Dit is egter nie slegs die werksaamhede van hierdie reisigers wat die belangstelling in veral die ongerepte natuur van Suid-Afrika openbaar nie. Vanaf die begin van die volksplanting was daar ook voortdurend mense wat hulle oor korter of langer tydperke aan die Kaap en elders in Suid-Afrika gevestig het, wie se belangstelling daartoe gelei het dat voortreflike

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



natuurkundige versamelings byeengebring is. Die meeste van hierdie versamelings of die grootste gedeelte daarvan het uiteindelik in Europa beland.

Soos verwag kan word, het baie amptenare ook belangstelling in die natuur geopenbaar. Die resultaat van hierdie belangstelling was dan gewoonlik dat 'n natuurkundige versameling byeengebring is. En dit gebeur reeds in die fort wat deur Jan van Riebeeck gebou is. Verskillende reisigers onder meer Wouter Schouten,[15] Johan Nieuhof,[16] Johan Jacob Saar,[17] Jean-Baptiste Tavernier,[18] Johann Wilhelm Vogel[19] en Elias Hesse[20] maak melding van die velle, horings en opgestopte diere wat in die fort besigtig kon word.

Amptenare wat in 'n uitstekende posisie verkeer het om hul aandag aan sulke versamelings te wy, was die Kompanjie-tuiniers. Benewens die voortreflike versamelings van die Deen, Heinrich Bernhard Oldenland (c1663 - 1699?)[21] en sy opvolger Jan Hartog (c1663 - 1722),[22] het die ywerige plantkundige Johann Andreas Auge (1711 - 1805) ook 'n groot herbarium byeengebring. Hy onderneem verskillende reise die binneland in[23] en vergesel ook vir Thunberg in 1772 op sy eerste reis na Kaffraria. Die agting wat Auge geniet het, word weerspieël deur die feit dat Lichtenstein kort voor Auge se dood hom in 1804 op die plaas Rotterdam in die omgewing van Swellendam gaan besoek het.[24] Thunberg het ook sy waardering teenoor hom betuig deur die Suid-Afrikaanse genus Augea (Zygophyllaceae) na hom te noem.[25]

Tydens die bewind van Ryk Tulbagh, 1751 - 1771, is daar ook voortreflike werk verrig wat die belangstelling in die natuur weerspieël. Met die hulp van onder andere die tuinier Hendrik Christoffel Prisky word indrukwekkende insamelingstogte onderneem[26] waarna toegesien word dat 'n menigte plante, sade, kruie en so meer, noukeurig verpak en na Europa versend word. Hierdie ywer van Tulbagh het vir hom nie alleen bekendheid in Europa verwerf nie maar ook die erkenning van beroemde geleerdes. Carl Linnaeus het onder andere 'n genus van die Liliaseë, Tulbaghia na hom genoem terwyl die professor in Botanie te Leiden, David van Rooyen, ook sy bewondering betuig vir 'n versameling wat hy ontvang het. Hy skryf aan Tulbagh dat hy in al die tyd wat hy hom aan die botanie wy en seldsame plante en gewasse bestudeer, "nooyt sulk een fraaye, rykelyke en voor my zoo leerzame als gewenschte collectie heb bekommen als deeze uwe Caapsche Herbarias".[27]

Ten slotte kan hier nog drie ander versamelings vermeld word wat ook lig

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



werp op die voortgesette belangstelling in die versameling van natuurhistoriese materiaal. Die eerste is dié van die sekretaris van die weeskamer, Joachim von Dessin (1704 - 1761). Sy versameling het 'n ryk verskeidenheid voorwerpe geberg, tipies soos die agtiende-eeuse burgerlike versamelings. Daar was rariteite uit die natuur, etnologiese materiaal, skilderye, wiskundige instrumente, silwerware en 'n muntversameling. Hierdie versameling is in die Kosterhuis onderdak gebring en kon dáár van 1764 tot 1821 besigtig word.[28] Dan was daar ook nog die versameling van die Fransman Charles Mathurin Villet (1778 - 1856) wat besoekers baie interessant gevind het.[29] Lady Anne Barnard maak ook melding van die besonder waardevolle versameling wat sy in die huis van ds. Robert Nicolaus Aling (1751 - 1800) besigtig het.[30]

Uit die voorafgaande is dit tog baie duidelik hoe groot die belangstelling in die natuurlike omgewing van die Kaap en binneland sedert die volksplanting was. Dit lewer verder genoegsame getuienis dat hierdie belangstelling ook aanleiding gegee het tot ywerige versameling van natuurkundige materiaal waarvan 'n groot deel na Europa gestuur is. Geen blywende resultate is egter deur al hierdie pogings in die Kaap in die sewentiende en agtiende eeu opgelewer nie. 'n Besondere poging is egter wel in die negentiende eeu aangewend wat verreikende gevolge het.

ii Die stigting van die formele museumwese in die Kaapkolonie.

Die koms van dr. Andrew Smith (1797 - 1872) na Suid-Afrika was van besondere betekenis. Die jong militêre chirurg wat van jongs af 'n intense belangstelling in die gedragspatrone van diere en voëls getoon het, is betower deur die fauna en flora van die Oostelike Provinsie waar hy diens moes doen.[31] Enkele jare later sou hy sy gewaarwording as volg beskryf: "If there is one spot on the surface of the globe better adapted than another for furnishing interesting objects of Natural History to a Public Museum, doubtless that spot is Southern Africa. Nature to it has been liberal beyond description ..."[32] Dit kan aanvaar word dat Smith die moontlikheid van die oprigting van 'n museum vroeg in 1825 met lord Charles Somerset bespreek het toe laasgenoemde Grahamstad besoek het. By sy terugkoms in Kaapstad het Somerset 'n proklamasie uitgevaardig waarin verklaar is: "Daar Zyne Excellentie de Gouverneur over=tuigd is van de verschillende bestaande bronnen van eindelooze verscheidenheid en nieuwigheden der Natuurlyke Voortbrengsels dezer Kolonie, is dus ten hoogsten begeerig om dezelve in het toekomende een ontwerp van byzondere

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


attentie te maken. Het heeft derhalve Zyne Excellentie behaagd te gelasten, dat in de Kaapstad een Etablissement worde opgerigt, onder den titel van "Zuid-Afrikaansch Museum", voor den ontvangst en klassificatie der verschillende voorwerpen van Dieren, Gewassen en Mineralen, die in Zuid-Afrika gevonden worden ..."[33] Verder word vermeld dat dr Andrew Smith aangestel word as superintendent en dat die museum in 'n vertrek in die "Publieke Lees-Bibliotheek" ingerig sal word. En só ontstaan die eerste amptelike museum in Suid-Afrika.

Smith het hom onmiddellik beywer om koloniste te inspireer om te help met die versameling van voorwerpe. Hy publiseer gereeld die name van skenkers en aanwinste[34] terwyl hy self reise onderneem om die versameling uit te brei.[35] Ongelukkig het die Suid-Afrikaanse Museum wat tot 1836 onder andere die skitterende versamelings van Andrew Smith, die natuurkenner en diere-opstopper Jules Verreaux (1807 - 1873) en dié van die ryk baron C F H von Ludwig bevat het, na hierdie datum begin kwyn. In Januarie 1837 verlaat dr Smith die Kaap en onttrek sy privaat versameling aan die museum om dit saam te neem na Londen. Hy word gevolg deur Von Ludwig wat ook sy herbarium, versameling insekte en waardevolle versameling voëls aan die museum onttrek en dit na Europa saamneem. Daarna vertrek Verreaux ook in 1838 om kurator van voëls in die Muséum d'Histoire Naturelle in Parys te word. Na 'n kwynende bestaan van byna twintig jaar onder die sorg van die South African Literary and Scientific Institution, word die museum aan 'n nuwe stigting oorgedra wat as die Suid-Afrikaanse Museum op 15 Januarie 1856 geopen word. Edgar Leopold Layard (1824 - 1900) word as kurator van 1855 tot 1872 aangestel.[36]

In 1855, dieselfde jaar waarin die Suid-Afrikaanse Museum formeel gestig is, ontstaan ook die tweede museum in Suid-Afrika. In September 1855 word die Albanie-Museum te Grahamstad gestig deur die besondere ondernemingsgees van die "Eastern Province Literary, Scientific and Medical Society".[37] Die derde museum word in die daaropvolgende jaar, 1856 in Port Elizabeth opgerig en in 'n enkele vertrek in die Munisipale Markgebou gehuisves.[38]

iii <u>Die rigting waarin die eerste musea ontwikkel</u>

Hierdie stigtings dui die begin van die formele museumwese in Suid-Afrika aan.

Die belangrike gevolgtrekking wat egter gemaak moet word na 'n studie van die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



algemene belangstelling en die ontwikkelingsgeskiedenis van versameling in Suid-Afrika tot in die negentiende eeu, is onteenseglik dat die natuurge= skiedenis konsekwent in die middelpunt van alle bedrywighede gestaan het. Daarnaas was daar ook belangstelling vir die argeologie en die etnologie. Die museum-tradisie in Suid-Afrika het byna uitsluitlik hierdie dissiplines omvat sonder dat daar enige noemenswaardige ruimte vir die kultuurge= skiedenis van die Blanke bevolking en in besonder van die Afrikaner gelaat is. Dit geld ook die twee musea wat in Grahamstad en Port Elizabeth as "algemene" musea opgerig is. Hulle bedrywighede het ook spoedig getoon dat die oorvloedige dier- en plantkundige, mineralogiese en etnologiese materiaal ook dáár oorbeklemtoon is ten koste van die algemene kultuur= geskiedenis.

'n Tweede gevolgtrekking wat ook reeds hier gemaak moet word en in noue verband staan met die vorige is dat die museum-tradisie wat in die loop van die negentiende eeu in die twee Britse kolonies, die Kaap en Natal ontstaan, volledig die Britse imperiale stempel dra. Daarom word nie slegs bedoel dat die inrigtings ontstaan het deur die toedoen van Britse onderdane en dat dit ook deur hulle ontwikkel en uitgebou is en daarom 'n besondere Britse gees geadem het nie, maar dat dit ook op dieselfde lees geskoei is as die Britse model. Die stigting van "algemene" musea het vrywel algemeen in Engeland voorkeur geniet teenoor die neiging byvoorbeeld in Nederland om gespesialiseerde musea op te rig.

iv <u>Die stigting van musea in die Republikeinse Noorde.</u>

Met die stigting van die eerste musea in die Republikeinse Noorde merk ons tog wel 'n klemverskil. Die verskil in hul uitgangspunt is hoofsaaklik geleë in die feit dat die twee staatsmusea wat in Bloemfontein in 1877 en in Pretoria in 1892 opgerig word, 'n besonder belangrike plek aan die kultuurgeskiedenis toeken. Ongelukkig het hierdie twee inrigtings in die bedeling waarin hulle tot stand gekom het, nie genoeg tyd gehad om tot wasdom te groei nie. Die ideaal om aan die kultuurgeskiedenis sy regmatige plek toe te ken, word saam met die Boererepublieke vernietig en in die nuwe bedeling ná 1902 in ooreen= stemming gebring met wat in die Koloniale Suide reeds tradisie geword het.

Dit kan as 'n feit gekonstateer word dat dieselfde faktore wat aanleiding gegee het tot die totstandkoming van die kultuurhistoriese museum in Europa, ook in

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



die Republikeinse Noorde die deurslag gegee het. Dit is naamlik die besondere manifestasies van die Romantiek van die negentiende eeu. In die Boererepublieke merk ons in dié tyd ook 'n ontwakende historiese gerigtheid en Romanties-nasionalistiese geskiedskrywing, die drang na vryheid en die gepaardgaande nasionale bewuswording. Die Republikeinse Noorde is in hierdie tyd in 'n geweldige krisis gedompel in sy konfrontasie met Britse Imperialisme. Dit loop uit op die anneksasie van Basoetoland (1868), die Diamantvelde (1871) en die Transvaalse Republiek (1877) en die daaruitvolgende Eerste Vryheidsoorlog (1881).[39] Verskillende historici, soos onder andere Van Jaarsveld[40] en Scholtz,[41] het afdoende aangetoon dat die nasionale bewuswording van die Afrikaner sy aanloop gedurende die jare 1868 tot 1877 gehad het terwyl die ontstaan daarvan tussen die jare 1877 tot 1881 geïdentifiseer kan word. Hierdie proses van nasionale bewuswording het in die Vrystaat begin en vandaar het die gedagte van één Afrikaanse volk in één vaderland en met één bestemming vir die toekoms oor die ganse Suid-Afrika uitgebrei. Hierdie gedagte is deur niemand beter ge= formuleer nie as deur ds S J du Toit, die groot teoretiese politikus van die negentiende eeu.[42] Juis in dié tyd het die Afrikaner vrae oor sy eie herkoms en bestemming in die toekoms begin vra en gepoog om 'n antwoord te verskaf. Daarvoor wend hy hom na die verlede en die geskiedenis. Hy voel gebeld om te ontdek dat die "Cape History" die indruk by die kinders in die onder= wys wek dat die Engelse altyd reg is en waarin "die arme boer wort mar altyd sleg gemaak ... hulle verdraai die dinge net so's hulle wil".[43] Die dringende belangrikheid van geskiedenishandboeke in die landstaal word besef.[44] Só ontstaan die stryd om 'n eie geskiedenisbeeld[45] te vorm wat uitloop op die eerste boeke met die geskiedenis as tema, wat in die Vrystaat,[46] Kaapkolonie[47] en Transvaal[48] verskyn. Die historiese bewustheid vind byvoorbeeld ook in Die Patriot sy neerslag waarin 'n spesiale rubriek "Afrikaanse geskiedenis" geplaas word. In Het Volksblad word by die jeug gepleit om die "erfdeel onzer vrome voorvaderen" te bewaar.[49] Lesers word ook in Die Patriot aangemoedig om 'n oorspronklike Afrikaanse geskiedenis te skryf "waarin onze huislike lewe, sedes en gewoontes, karakter en nasionaliteit, verlede en toekoms, taal en reg teen o'er vreemde indringers ten volle gehandhaaf wort ..."[50] Verder word lesers aangespoor om bronne te versamel sodat "die nagedachtenis van ons voorouers ... nie uitsterwe nie".[51]

Die stigting van die Nasionale Museum in Bloemfontein en later ook die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Staatsmuseum in Pretoria moet gesien word binne hierdie geestesklimaat en nasionale bewuswording, binne die raamwerk van hierdie krisistyd en worsteling om voortbestaan.

Op Vrydag 20 Julie 1877 vind daar 'n vergadering in die Bloemfonteinse stadsaal plaas om die wenslikheid om 'n Nasionale Museum te stig, te bespreek. Die Hoofregter en latere President van die Vrystaat, F W Reitz (1844 - 1934), is versoek om as voorsitter van die vergadering op te tree. Ter ondersteuning van die mosie ter tafel: "Dat dit die mening van die vergadering is dat dit wenslik is om 'n Nasionale Museum op te rig", spreek die Hoofregter die volgende mening uit: "This was an effort to preserve such antiquities as might still exist in this country. If not preserved, even such memorials of ancient times as yet to be found would be entirely lost. Such memorials were not numerous amongst us; we did not inherit any great past: our noble mission was to create a future. Still there were certain monuments which told tales of their own, and before these disappear it would be well to establish a Museum, so as to catch what is just on the eve of passing away, to give place . . . to a more glorious future."[52]

Op Maandag 20 Mei 1878 geskied die opening van die Museum, wat in die ou Raadsaal gehuisves is.[53] Op daardie stadium was die pioniersgeboutjie met sy grasdak, wit mure en "moddervloer"[54] reeds 'n historiese gebou wat nie baie geskik was vir die doel waarvoor dit aangewend is nie. Die Raadsaal is in 1849 gebou deur die Britse Resident, majoor H D Warden, en het indertyd as skool gedien. Vanaf 1849 tot 1852 is dit as kerk gebruik. Dit is juis in hierdie era dat ds Andrew Murray jr deur sy vader as predikant van Bloemfontein georden is. Dit gebeur op 6 Mei 1849. Die geboutjie het ook van 1849 tot 1854 gedien as vergaderplek vir die Wetgewende Raad van die Oranjerivier Soewereiniteit.

Van 1854 tot 1859 het die Vrystaatse Volksraad in die gebou byeengekom en dáár is J P Hoffman in 1854 en J N Boshof in 1855 ook as Vrystaatse presidente ingehuldig. Die ou Raadsaal het vanaf 1877 tot 1915 as museumgebou gedien waarin die Nasionale Museum gehuisves is. Daarna het die Museum die huidige gebou in Aliwalstraat betrek. Gedurende 1975 het die Museum weer die Raadsaaltjie van die staat terug ontvang en is dit gerestoureer. Tans word dit weer ten volle benut vir uitstallings.[55]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Dit is tog merkwaardig dat daar ook in Transvaal reeds in die sewentigerjare van die negentiende eeu 'n beweging ontstaan het om 'n museum in dié Republiek gevestig te kry. Die negentiende eeu was immers 'n droewige tyd in die kultuur=geskiedenis van die Afrikaner ten noorde van die Vaalrivier. Die onbestendige politieke, ekonomiese en maatskaplike toestande het in hierdie pioniersomstandighede grootliks daartoe bygedra dat die kultuurakker in dié geweste 'n dorre landskap vertoon. In dié tyd kon nouliks van so iets as behoorlike onderwys gepraat word. Ondersoek toon dat daar byvoorbeeld in 1873 slegs 500 skoolgaande kinders in Transvaal was terwyl dié getal ses jaar later slegs 838 was.[56] Dit is dus begryplik dat in dié "worsteljare" daar weinig sprake van kulturele instellings soos onder andere musea kon wees.

Die koms van ds T F Burgers (1834 - 1881)[57] wat in 1872 tot President van die Transvaal verkies is, bring ook hierin 'n wending. Die feit dat hy 'n Europese opvoeding geniet het, het ongetwyfeld by hom die besef ingeskerp dat hy, te midde van 'n legio probleme waarmee hy te kampe gehad het, so spoedig moontlik maatreëls moes tref wat veral daarop gemik was om die opvoeding van die jeug te verbeter. Sy inisiatief om onder andere 'n gimnasium na Neder=landse voorbeeld in Pretoria op te rig, moet in dié lig beoordeel word. Hier sou kinders die voorreg geniet om onderrig te ontvang in allerlei vakke soos moderne en ou tale, Wiskunde, Skeikunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, ensovoorts. Dit was dan ook onder die voorsitterskap van president Burgers dat daar op 'n ver=gadering in 1874 besluit is om die "Transvaalsch Letterkundig en Wetenschaplijk Genootskap" te stig wat hom sou beywer vir die oprigting van 'n museum. Die feit dat die waarde van 'n museum vir die onderwys reeds besef is, word ook weerspieël deur die Onderwysverslag van 1873. In dié verslag word berig dat die stigting van skoolmusea aangemoedig moet word en dat pryse uitgeloof sal word vir die beste versamelings plante, voëls, diere, minerale en industriële produkte.[58] Hierdie aanmoediging het inderdaad vrugte afgewerp. In die "Gymnasium" wat op 5 Mei 1876 in die huis van dr Roorda Smit met vier leerlinge begin is, is reeds op 16 September 1876 met die oprigting van 'n museum 'n aanvang gemaak. Dieselfde onderwysnood het ook aanleiding gegee tot die stigting van 'n biblioteek en die botaniese tuin.[59]

Hierdie lofwaardige pogings om onder uiters moeilike omstandighede inrigtings van 'n blywende kulturele betekenis tot stand te bring, is egter met die anneksasie

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


van die Transvaalse Republiek op 12 April 1877 ingrypend versteur. Maar dit het ongetwyfeld die moontlikheid geskep vir 'n groter poging wat te midde van ewe moeilike omstandighede geloods sou word. Dit gebeur in 1892 met die stigting van die Staatsmuseum in Pretoria.

In die toespraak wat dr N Mansvelt (1852 - 1933), Superintendent van Onderwys, op Dinsdag 15 Mei 1894 by die opening van die Staatsmuseum gelewer het, meld hy onder andere dat die gedagte om 'n Staatsmuseum vir die Suid-Afrikaanse Republiek op te rig by hom posgevat het nadat hy die Nasionale Museum van die Oranje-Vrystaat besoek het. Hy is daarvan oortuig dat 'n land met 'n geskiedenis soos Transvaal, 'n ryk historiese versameling byeen kan bring. Verder het hy die regering en Volksraad bedank wat met soveel bereidwilligheid die onontbeerlike finansiële steun toegestaan het.[60] Die amptelike opening is deur president Kruger waargeneem.[61]

Die "Curatorium" van die Staatsmuseum wat op 1 Desember 1892 deur die regering aangestel is,[62] het sy eerste vergadering reeds op 24 Januarie 1893 gehou. Die lede was: dr N Mansvelt, Superintendent van Onderwys en ex officio voorsitter aangesien die Museum by sy departement ingeskakel is, dr G S W Lingbeek, dr H G Breijer, dr J W Fockens, George Leith en J Klimke. Die Raad het sy plig nougeset vervul tot die laaste vergadering wat op 4 Mei 1900 gehou is.[63]

Die museumversameling het aanvanklik baie onaansienlik en ongeordend daar uitgesien.[64] In hierdie stadium is dit in 'n kamer langs die kloktoring op die boonste verdieping van die Raadsaal op Kerkplein bewaar. Spoedig is besef dat die versameling meer aandag verdien en dat dit dus noodsaaklik is om 'n kurator daarvoor aan te stel. Dr H G Breijer, verbonde aan die Gimnasium en Direkteur van die "School of Mines", het toe die benoeming as era-kurator aanvaar.[65] 'n Volgende probleem wat dringende aandag vereis het, was die beperkte ruimte wat aan die Museum afgestaan is. Die versameling het vinnig uitgebrei en die bestaande kamer was heeltemal te klein en ondoeltreffend. Met die goeie samewerking van die departement Publieke Werke is die museumver= sameling teen die einde van 1893 na die toentertydse Markplein oorgeplaas. Teen 'n koste van £155-17-3 is die "kleine markthal" vir die doel ingerig.[66]

'n Konsep van 'n omsendskrywe wat deur dr Mansvelt opgestel is om aan landdroste, vrederegters, veldkornette en ander amptenare van die Suid-Afrikaanse Republiek gestuur te word, bied ons 'n goeie beeld van wat die kuratore met die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Museum beoog het.[67] In die skrywe word amptenare versoek om in hul onderskeie distrikte behulpsaam te wees met die versameling. Wat die kultuur=historiese versameling betref, wys Mansvelt daarop dat daar sonder twyfel nog onder die Boere van die land diegene sal wees wat voorwerpe besit wat eens aan Voortrekkers behoort het of deur hulle uit die Kaapkolonie saamgebring is. Sulke voorwerpe is vir die teenswoordige en toekomstige geslagte van die grootste belang. Nadat hy verder gewys het op die belangrikheid dat hierdie voorwerpe in die Staatsmuseum bewaar moet word, gee hy vervolgens 'n aanduiding van watter voorwerpe benodig word. Hy noem onder andere 'n ossewa wat werklik in 'n laer gestaan het, ou kanonne en ander vuurwapens, Bybels en boeke wat destyds gebruik is. Dit mag selfs wees dat daar ook nog briewe en ander waarde=volle geskrifte mag bestaan. Ten slotte noem hy minerale, fossiele, geraamtes van slange, voëls en ander diere, kralewerk en potte van inboorlingstamme en inligting oor bouvalle en grotte wat deur inboorlinge bewoon kon gewees het en moontlik rotsgravure bevat.

Hierdie waardevolle omsendskrywe van Mansvelt bevestig sonder enige twyfel dat die Staatsmuseum van meet af aan as 'n algemene museum gestig is. Daar is wel in die verlede verkeerdelik gemeen dat dit uitsluitlik as 'n kultuurhistoriese museum opgerig is wat gaandeweg vanweë die belangstelling in die natuur, omskep is in 'n algemene museum waarin die natuurhistoriese versameling die meeste aandag ontvang het.[68] Waarskynlik is dié misverstand toe te skryf aan die feit dat dr Mansvelt, president Kruger en ander, van die begin af die belangrikheid van die kultuurhistoriese voorwerpe skerp beklemtoon het. Daarteenoor het die ywer van die amptenare van die Museum, wat hoofsaaklik natuurkundiges was, die ander aspek van die versameling beklemtoon. Dit bly egter 'n voldonge feit dat die Staatsmuseum as 'n nuttige instrument gesien is om kultuurhistoriese voorwerpe van beskadiging en verdwyning te red. Die uitdruklike doelstelling van die Museum was verder om die verlede vir toekomstige geslagte duidelik te verbeeld en onvermoeid te werk om 'n liefde vir die land en die heldegeslag van weleer te bewerkstellig.[69] En dit is ewe-eens onteenseglik dieselfde nuwe klank wat in die museumwese in Suid-Afrika gehoor is in teenstelling met dit wat in die Koloniale Suide tradisie geword het.

Reaksie het by die volk nie uitgebly nie. Die Jaarverslae van die "Curatorium van het Staatsmuseum" kon jaar na jaar berig van die goeie samewerking en skenkings wat ontvang is en dat die belangstelling oorweldigend was.[70]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Teen 1898 kon reeds gespog word met 'n besoekerstal van 60 964 vir die betrokke jaar. Teen hierdie tyd het die Museum waarskynlik die belangrikste kultuurhistoriese versameling in Suid-Afrika besit terwyl enkele mededelinge die ontsaglike omvang van die res van die versameling aandui:

| | |
|---|---|
| "Zoogdieren: | 228 soorten |
| Vogels: | 320 soorten, 585 exemplaren |
| Kruipenden Dieren: | ongeveer 500 exemplaren |
| Amphibieën: | ongeveer 100 exemplaren |
| Visschen: | ongeveer 250 exemplaren |
| Gelede Dieren: | ongeveer 3300 soorten en 31 500 exemplaren |
| Weekdieren | ongeveer 2000 soorten en 4000 exemplaren."[71] |

Die res van die versameling het bestendig gegroei, terwyl van die plantkundige en insekteversameling gesê kan word dat dit wat netheid en noukeurigheid betref, vergelyk kan word met die beste Europese versamelings.[72]

Dit moet ook gemeld word dat dr Mansvelt altyd die grootste waardering teenoor die regering vir sy bereidwillige samewerking betoon het. Die regering het sover hy kon altyd positief op versoeke gereageer. Of dit nou was om toestemming aan amptenare te verleen om buite die jagseisoen te gaan jag om die beste eksemplare te bekom,[73] of om geld te stem vir hokke vir diere by die Museum[74] of vir die aankoop van voorwerpe vir Europese musea,[75] of om aansienlike bedrae te begroot vir die uitbreiding en instandhouding van die Museum. Die regering was altyd bereidwillig om sy plig na te kom. Hierdie goeie gesindheid word ook weerspieël wanneer die begrotings van verskillende jare vergelyk word. Die aanvanklike toekenning was slegs £500 per jaar en dit het aangegroei tot die aansienlike bedrag van £6 000 kort voor die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 uitgebreek het. Die salarisse van amptenare is nie by hierdie bedrae ingesluit nie aangesien dit uit die begroting van die Departement van Onderwys betaal is.[76]

Die Voorsitter van die Kuratorium het wel één probleem gehad. Die Museum het voortdurend 'n tekort aan ruimte ondervind.[77] Die regering was egter uiteindelik in Maart 1898 in die posisie om tenders vir die oprigting van 'n museumgebou te vra.[78] Die hoeksteen van die nuwe gebou wat op die plaas "Rus-In-Urbe" opgerig is, is op 22 Julie 1899 deur dr Mansvelt gelê. Die versameling het egter in die Marksaal gebly totdat dit in 1901 na die nuwe gebou oorgeplaas is waar die kultuurhistoriese versameling vandag nog is.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


'n Besondere baken wat in die kort geskiedenis van die Staatsmuseum staan, is die aanstelling van die eerste voltydse Direkteur in die persoon van dr J W B Gunning (1860 - 1913). Hierdie pos het hy vanaf Februarie 1897 tot in 1913 beklee. Hy was 'n mediese dokter met 'n besondere belangstelling in die natuur=kunde. Die lewende diere wat hy agter die Marksaal in hokke aangehou het en wat tussen 18 en 22 Oktober 1899 ook na "Rus-In-Urbe" oorgeplaas is, sou die kern vorm waaruit die Dieretuin in die daaropvolgende jare ontwikkel het.[79]

Die laaste agt jaar van die bestaan van die Suid-Afrikaanse Republiek was ongetwyfeld 'n tydperk van ongekende vooruitgang indien dit met die pioniersjare vergelyk word. Wat die onderwys en opvoeding van die jeug betref, sou dit selfs as 'n bloeitydperk beskryf kan word. Só het die buiteland ook die voor=uitgang beoordeel. Daarvan getuig die opspraakwekkende sukses wat die Republiek in 1900 behaal het met sy uitstalling op die Wêreldtentoonstelling in Parys. Twaalf toekennings en vermeldings, onder andere die "Grand Prix" vir hoër en laer onderwys, is aan die Suid-Afrikaanse Republiek toegeken.[80] Naas hierdie besondere prestasie van die onderwys, staan ook ander kulturele manifestasies wat spreek van volhardende ywer en deursettingsvermoë van 'n geslag van mense wat volstrek geweier het om die aftog te blaas in die ongelyke stryd waarin hulle vasgevang was. In dié opsig sal die totstandkoming van die Staatsmuseum ook altyd tot eer van die Transvalers strek. Dit getuig immers van die strewe van die Boere-voormanne om verbetering in die opvoeding van die jeug te bring.

Maar ook hierdie lofwaardige poging word ingrypend versteur deur die nederlaag wat die Republikeinse Noorde toegedien is. In die nuwe bedeling na 1900 sou daar nog belangstelling in die opvoeding van die jeug wees, maar die doelstelling was gans anders. Die nuwe Direkteur van Onderwys, E B Sargant, laat geen twyfel daaroor nie: "One of my principal aims is to secure the services of men winning over the young generation of Dutch Afrikaner to English ways of thought and speech, and English ideas of truthfulness and loyalty."[81]

v <u>1902 - 'n nuwe begin</u>

Die nuwe gebou in Boomstraat wat sedert 1901 betrek is, is in 1904 amptelik geopen deur die waarnemende Lt-Goewerneur, sir Richard Solomon. Die Museum sou voortaan bekend staan as "Transvaal Museum en Dieretuin", totdat die Diere=tuin in 1913 onder 'n eie direkteur selfstandig geword het. Dr Gunning het hom

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



gedurende sy ampstermyn voortdurend beywer vir 'n nuwe, meer doeltreffende museumgebou wat ook in 1913 voltooi is. Dit het daartoe gelei dat die natuurhistoriese versameling geskei is van die versameling wat sedert die vorige eeu byeengebring is. Die kultuurhistoriese, etnografiese en argeologiese versameling het agtergebly in die "Ou Museum" in Boomstraat. In die daaropvolgende halfeeu het die Museum op skouspelagtige wyse sy natuur=historiese versameling vergroot. In dié proses het die Museum daarin geslaag om belangrike versamelings te bekom, onder andere die Finch-Davies albums in 1920 wat oorspronklike voëlskilderye bevat en die Lepidoptera-versameling van dr A J T Janse in 1945. Verder kan die inrigting spog met 'n indruk=wekkende lys name van natuurwetenskaplikes wat deur die jare waardevolle wetenskaplike navorsing gedoen het en selfs internasionale erkenning geniet. Onder hierdie navorsers tel die bekende dr Austin Roberts (1883 - 1951),[82] dr Georges van Son (1898 - 1965),[83] die beroemde dr Robert Broom (1866 - 1951),[84] dr V F M FitzSimons (1901 - 1975)[85] en dr A J T Janse (1877 - 1970).[86]

Die kultuurhistoriese versameling van die Transvaal-Museum kan egter nie in dieselfde mate as die natuurhistoriese versameling op 'n skouspelagtige vordering aanspraak maak nie. Dit is wel waar dat die "Ou Museum" deur die publiek druk besoek is en dat skenkings van kultuurhistoriese voorwerpe nie afgeneem het nie. Kosbare erfstukke is van verskeie families ontvang. Gelukkig het dit ook nie aan skenkings uit die erflatings van volksleiers ontbreek nie. Teen 1958 kon die toentertydse Direkteur, dr FitzSimons skryf: "... material is pouring in at an everincreasing tempo and the position has now been reached when space for its safekeeping, let alone display, is no longer available."[87]

Dit moet egter gekonstateer word dat hierdie positiewe belangstelling van die kant van die publiek nie ook in die Museum self te bespeur was nie. In 'n sekere sin sou 'n mens kon begryp waarom hierdie tendens oor bykans vyftig jaar in die Museum voortgeduur het. Die direkteure en die oorgrote meerderheid van die personeel deur hierdie jare was opgeleide natuurkundiges wat waarskynlik nie werklik belangstelling in die kultuurhistoriese versameling gehad het nie. Dit is verder 'n skokkende feit dat die Transvaal-Museum tot in 1953 nooit 'n behoorlik wetenskaplik toegeruste vakkundige in sy personeel gehad het om die kultuurhistoriese versameling te versorg nie. Dit spreek dus vanself dat die kultuurhistoriese voorwerpe nie naastenby dieselfde aandag ontvang het as wat die geval met die natuurhistoriese versameling was nie. Van navorsing

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



was daar op hierdie terrein ook geen sprake nie. Daar sal aanstons aangetoon word dat daar in die vyftigerjare 'n skerp reaksie gekom het teen die skreiende verwaarlosing van die versameling.

Hier kan egter reeds gemeld word dat die kultuurhistoriese versameling in die eerste plek museumkundig afgeskeep is. Slegs 'n baie klein gedeelte van die versameling is uitgestal en die res is onder benarde omstandighede in ondoelmatige stoorkamers weggepak. In die tweede plek is nagelaat om die voorwerpe behoorlik te katalogiseer en die nodige gegewens by inwinning te bekom.

Die Transvaal-Museum het egter ook op die gebied van kultuurhistoriese navorsing jammerlik gefaal. In teenstelling met die formidabele navorsing op die terrein van die natuurkunde is daar geen navorsing van enige belang op die terrein van die kultuurgeskiedenis gedoen nie. Dit is jammer. Die begin van die twintigste eeu was immers 'n tydperk in die geskiedenis toe nog baie kennis en besonderhede oor voorwerpe en gebeure uit die vorige eeu beskikbaar was. Dit is egter nie benut nie. Voordat hierdie sake verder belig word, kan 'n enkele voorbeeld hier dien ter opheldering van hierdie onrusbarende situasie.

In 1921 het die versameling uit die "Zuid-Afrikaansch Museum" te Dordrecht, Nederland, in Suid-Afrika aangekom. Hierdie versameling wat in twee-en veertig kiste verpak was, het vir een en twintig stormagtige jare intense internasionale belangstelling geniet. Duisende mense het die Suid-Afrikaanse pawiljoen by die Wêreldtentoonstelling in Parys besoek om die versameling te besigtig. Daarna het nog duisende mense gestroom na die Museum in Dordrecht waar dit vir bykans twintig jaar uitgestal is. En uiteindelik het Nederlandse vriende onder leiding van dr W J Leyds 'n stryd oor baie jare heen gevoer om dié versameling na Suid-Afrika terug te bring.[88] Dit het immers kosbare kultuurhistoriese oudhede uit die tydperk 1880 tot 1902 bevat wat 'n treffende beeld gebied het van die worsteling van die Boererepublieke, die Tweede Vryheidsoorlog, die lewe van die krygsgevangenes en die triomftog van president Kruger deur Europa.

Hierdie versameling is in die kultuurhistoriese afdeling van die Transvaal-Museum opgeneem. Die katalogi van die Museum uit dié tyd toon aan hoe sommige van die voorwerpe opgeneem is, terwyl 'n groot aantal voorwerpe vir meer as drie

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


en twintig jaar nie uit die kiste gepak is nie. Dit is verder baie duidelik dat die katalogisering wat wel gedoen is, deur onopgeleide persone behartig is. Die resultaat was dat nie slegs die geskiedenis van die verskillende voorwerpe ver= lore gegaan het nie, maar dat die geskiedenis van hierdie roemryke versameling vir baie jare in die Museum vergete was. Tot vandag is dit bykans onmoontlik om aan te toon watter voorwerpe eens deel van hierdie besondere kultuur= historiese versameling was. Na noukeurige navorsing oor dié geskiedenis is die opmerking gemaak: "In Nederland is daar 'n hewige stryd gevoer om die behoud daarvan vir Suid-Afrika - in Suid-Afrika is dit eenvoudig versmaai."[89]

Mnr F Horace Rose, die Redakteur van die "Natal Witness", het 'n insiggewende artikel in "The Times" van 5 September 1911 geskryf, wat moontlik 'n verklaring bied waarom hierdie belangrike versameling in Suid-Afrika en in die Transvaal-Museum geïgnoreer is. Rose spreek hom op geen onsekere wyse uit teen die pogings om dit na Suid-Afrika terug te bring, en skryf onder andere: "I am a South African myself, and I say for my countrymen of the Union that if any person has the temerity to cause this exhibition to be brought to South Africa, not a vestige of these precious exhibits will be left 24 hours after the first party of British South Africans has visited the place."[90] Hoe dan anders - dit was immers hoofsaaklik die kulturele erflating van Paul Kruger!

vi <u>Die tydperk van bewuswording</u>

Die verwaarloosde toestand en miskenning van die kultuurhistoriese afdeling van die Transvaal-Museum het uiteindelik verset uitgelok van veral kultuurbewuste Afrikaners in Pretoria wat nie langer die situasie wou duld nie. 'n Goeie voor= beeld van hierdie onrus oor die toestand is die stigting van 'n ad hoc-liggaam: Die Komitee insake die Historiese Museumwese in Pretoria. Die Komitee is op 19 Augustus 1948 gekonstitueer deur belangstellendes wat besorg was oor die onbevredigende toestand waarin die kultuurhistoriese versameling in die stad verkeer het. Die stigterslede was: prof A N Pelzer (voorsitter), dr F C L Bosman (ondervoorsitter), dr W J de Kock (sekretaris), dr C Beyers, dr P J du Toit, dr V F M Fitzsimons, dr P van Biljon, mnr W Punt, mnr H P H Behrens, mnr P J H Basson, dr H D van Broekhuizen, prof S P Engelbrecht en dr G Bigalke. By die stigtingsvergadering is besluit dat die Komitee dit as sy onmiddellike en vernaamste taak sou beskou om 'n memorandum op te stel om aan die Kommissie van Ondersoek na Musea voor te lê. Dié Kommissie was juis toe besig om getuienis aan te hoor.[91]

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Uit hierdie memorandum blyk onder andere op grond van inligting wat deur die Transvaal-Museum verskaf is, dat baie skenkings wat deur die ou Staatsmuseum voor 1900 ontvang is, nog net so onaangeraak in die Museum lê. Dus vir bykans vyftig jaar! Verder getuig die Komitee dat die katalogi só onvolledig is dat dit onmoontlik is om vas te stel wat daar in die Museum behoort te wees. Ongeveer 20 000 voorwerpe lê eenvoudig daar en is nog nooit uitgestal nie. Aandenkings van genl Christiaan Beyers wat onder meer vlae, uniforms, wapens en foto-albums bevat, lê in kaste wat jare tevore oopgemaak en verder net so gelaat is. Dit is ook die geval met die Louis Botha-versameling. Dit is baie duidelik dat hierdie toestand onuithoudbaar geword het en dat die ganse ver=sameling besig was om tot niet te gaan.[92] Dit is voorwaar 'n droewige getuienis om aan te hoor veral as bedink word dat hier van die kosbaarste kultuurhistoriese versameling in Suid-Afrika gepraat word.

Die Komitee lewer verder 'n dringende pleidooi dat die versameling van totale vernietiging gered moet word. Die oplossing van die probleme wat aan die hand gedoen word, toon dat die Komitee insig en begrip van die toestand gehad het. 'n Vakkundige kultuurhistorikus moes onverwyld aangestel word om te red wat nog nie onherroeplik verlore was nie. Dit moes 'n historikus wees aangesien die eerste taak moes wees om duisende voorwerpe te identifiseer, te beskryf en daarna behoorlik te katalogiseer. So 'n vakkundige sou ook moes poog om as opvoedkundige beampte op te tree deur in die dringende behoefte te voorsien om studente en skoliere deur die Museum te begelei en inligting te verskaf.

Hierdie memorandum het sonder twyfel 'n belangrike rol gespeel in die formulering van die Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake sekere Staatsondersteunde Inrigtings wat in 1950 verskyn het. Dit geld veral die minderheidsverslag wat deur dr G von W Eybers opgestel is en as hoofstuk IX: "Museums vir Geskiedenis en Algemene Kultuur" by die verslag gevoeg is. Dit is duidelik dat dr Eybers groot waarde geheg het aan die "sorgvuldig opgestelde en breedvoerige memorandum wat deur verteenwoordigers van die onlangs gestigte Komitee ter Bevordering van die Historiese Museumwese in Pretoria opgestel is ... en deur 'n aantal ander verteenwoordigende liggame kragdadig gesteun is".[93] Enkele sake uit hierdie minderheidsverslag van dr Eybers verdien hier die aandag.[94]

Eerstens is dit duidelik dat dr Eybers dit wil beklemtoon dat die ontevredenheid nie alleen tot Pretoria beperk is nie. Die ontevredenheid het wyd uitgekring.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Benewens die reeds genoemde Komitee in Pretoria maak hy ook nog melding van die Vereniging vir Geskiedkundige Museums wat in Kaapstad gestig is. Onder diegene wat hul klagtes geboekstaaf het, tel lede van subsidiërende stadsrade, indiwiduele kuratore en personeellede van musea en die Argief, baie studente, onderwysers, professore en veral navorsers.

Die tweede aspek wat kortliks genoem moet word, is die aard van hierdie klagtes wat deur die Kommissie ontvang is. Dr Eybers skryf: "Baie voel gebelg oor die skaarsheid aan stof, oor die algemene sienswyse wat daar in verband met die aansprake van die publiek op kulturele vooruitgang gehuldig word, oor die swak tipe lektorgidswerk wat verskaf word in die paar gevalle waar dit wel gedoen word, oor die swak uitstallings in vertrekke en uitstalkaste wat oorvol is, oor die ondoeltreffendheid van die etikettering wat, afgesien van onvolledigheid, dikwels slegs in een taal voorkom, oor die verdwyning of agter=uitgang van waardevolle en seldsame geskiedkundige stof wat aan die gang is, oor plundering, oor die gebrek aan bevoegde personeellede om met geskiedkundige en industriële versamelings te werk, oor die traagheid van party van die personeel en die gebrek aan toesig, en oor die algemene gebrek aan aandag aan ander kultuurgoedere as die wetenskap." 'n Benarder toestand as wat hier beskryf is, kan nouliks bedink word.

'n Derde aspek uit hierdie verslag moet ook beklemtoon word. Dr Eybers sluit hom sterk aan by 'n gedagte wat toe reeds by indiwidue gehoor is, naamlik dat daar so gou doenlik 'n skeiding moes kom tussen die natuurhistoriese en kultuur=historiese museum. Daar is getuienis aangehoor dat daar in verskillende sentra 'n weerstand opgebou het om voorwerpe aan natuurhistoriese musea te skenk. In baie dorpe het hierbeswaarmakers eerder met 'n eie klein geskiedkundige museum begin. Dr Eybers is ten gunste van hierdie standpunt. "Twee ver=skillende soorte inrigtings is nodig, want hulle het verskillende oogmerke, versamel en vertoon verskillende soorte stof en het verskillende soorte mense nodig om hulle te versorg."[95] Hieruit is dit baie duidelik dat die ondervinding oor 'n tydperk van 'n halfeeu onteenseglik uitwys dat natuurkundiges nie alleen nie belanggestel het om die kulturele erfenis van die volk te bewaar en te versorg nie, maar ook nie bevoeg was om dit na behore te doen nie.

Die belangrikheid van hierdie verslag kan nie genoeg onderstreep word nie. Dit spreek vanself dat dit nie oornag 'n verandering in die toestand kon teweegbring nie.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Op die lang termyn het dit wel aanleiding gegee tot twee belangrike gebeur= tenisse. Eerstens die aanstelling van vakkundige kultuurhistorici. En tweedens die skeiding van kultuur- en natuurkundige musea. Daaroor word later weer gehandel.

Op die kort termyn sou die toestand nie ingrypend verander nie. Dieselfde dr Eybers getuig bykans tien jaar nadat die genoemde verslag gepubliseer is, soos volg: "In Suid-Afrika het die klem dan duidelik op die natuurhistoriese afdelings geval terwyl die geskiedkundige afdelings orals in verval geraak het. Net verlede week het die Port Elizabeth-museum my meegedeel dat hul besig is om hul historiese afdeling af te sluit. Toe ons in Suid-Afrika wakker skrik as gevolg van die verslae van die Museumkommissie van 1950, was hierdie toestand van verwaarlosing al baie erg. En tog is aanbevelings in die verslag vervat om aparte museums vir die geskiedenis en vir die natuurkunde in te rig, wat toestande moes verbeter, nog selde aanvaar."[96]

'n Laaste dokument van belang wat in dié verband hier aangehaal moet word om die toestand van kultuurhistoriese versamelings tot in die sestigerjare van hierdie eeu te belig, is die vertroulike memorandum wat opgestel is deur die Historiese Genootskap na afloop van die kongres van die Genootskap in 1958, vir voorlegging aan die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap.[97]

Die Genootskap spreek eerstens sy leedwese uit oor die treurige en verwaarloosde toestand van die kultuurhistoriese musea in die land. Na 'n deurtastende studie is bevind dat in elk van die vier groot musea in die Unie, te wete die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad, die Nasionale Museum in Bloemfontein, die Transvaal-Museum in Pretoria en die Museum in Pietermaritzburg, die kultuur= historiese versamelings die onaansienlikste en agterlikste deel van die musea uitmaak. "Trouens in Kaapstad met sy rykdom aan kultuurvoorwerpe, bestaan daar nie eers 'n algemeen-kultuurhistoriese afdeling in die museum self nie en die Koopmans de Wet-huis bly maar 'n beperkte huismuseum." In Bloemfontein is daar geen kultuurkundige om die klassifikasie en katalogisering te behartig nie. Die memorandum toon vervolgens aan dat foutiewe datums wat aan voor= werpe in die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg toegedig word, talryk is. Ook hier is daar dus 'n gebrek aan wetenskaplikheid. Verder word aangetoon dat ontsaglike skade reeds aan die waardevolle versameling van die Transvaal-Museum berokken is. Oor baie jare is die werk deur onbekwame opsigters verrig. Hulle was gewoonlik "'n afgetrede polisieman of messelaar of garage=

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


werker" wat skenkings moes ontvang, inskrywe en verpak. Dit is dus begryplik dat hulle van verkeerde metodes gebruik sou maak en onkundig sou wees om wetenskaplike metodes aan te wend om museumpeste waaraan die kosbare voor= werpe blootgestel was, te bestry. "In baie gevalle is geen gegewens, selfs nie eers die naam van die skenker neergeskrywe nie. In Pretoria moet een vakkundige beampte dus die agterstand in die Ou Museum en die Krugerhuis van ongeveer 'n halfeeu hanteer." Die Genootskap maak dan ook die stelling dat die natuurwetenskaplike afdeling ver buite verhouding van personeel voor= sien is en dat ander staatsondersteunde musea nog swakker daaraan toe is as Pretoria. Verder betreur die Genootskap die feit dat musea geen doelgerigte versamelingsbeleid het nie. "Voorwerpe wat dikwels oorskietgoed is, oorbodig en 'n las, moet maar as geskenke ontvang word. Foutiewe klassifikasie, raap-en-skraapuitstallings waarin geen deurlopende gedagte is nie, geen of slegs onwetenskaplike voorligting aan skoolkinders, studente en volwassenes en geen navorsingswerk van kultuurhistoriese aard nie weens die gebrek aan opgeleide personeel - dit alles is die logiese gevolge van die huidige wantoestand."

vii <u>Gevolgtrekking</u>

In die lig van die voorafgaande kan gekonstateer word dat versamelings in Suid-Afrika en ook die formele musea wat later daaruit ontwikkel het, in die eerste plek gerig was op - en byna uitsluitlik belangstelling getoon het in - veral die natuurkunde. Daarnaas is ook plek vir etnografiese en argeologiese versamelings ingeruim. Van die begin af was daar egter weinig of geen belangstelling vir die kultuurgeskiedenis van die Blanke en in besonder die Afrikaner nie.

Tweedens moet die stigting van die twee Staatsmusea in die Republikeinse Noorde as 'n besondere kultuurhistoriese prestasie geboekstaaf word. Dit dra nie alleen die besef dat 'n kultuurhistoriese versameling 'n belangrike instrument in die vorming van 'n vaderlandsliefde en piëteit vir die eie kultuur en geskiedenis is nie, maar ook die dringende besef dat die museum vir die opheffing en uit= bouing van die onderwyspeil van die jeug en volk onontbeerlik is.

In die derde plek moet tot die gevolgtrekking gekom word dat die ideale wat met hierdie stigtings gestel is, saam met die twee Republieke vernietig is. In die daaropvolgende bykans sestig jaar kom daar immers van die kultuurhistoriese versamelings weinig tereg. Die algemene musea het wel afdelings vir die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


kultuurhistoriese versamelings behou en enkele van hulle, soos die Transvaal-Museum,[98] die Suid-Afrikaanse Museum[99] en die Port Elizabethse Museum[100] het historiese huise ontvang waarin kultuurhistoriese versamelings uitgestal is. Verder open genl J B M Hertzog op 30 September 1931 die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke op die terrein van die Vrouemonument in Bloemfontein[101] en die Africana-Museum in Johannesburg kom in 1935 tot stand.[102] Benewens enkele ander voorbeelde was daar origens weinig uitbreiding in die museumwese en getuig hierdie tydperk hoofsaaklik van 'n skreiende verwaarlosing van kultuur= historiese versamelings en 'n skokkende gebrek aan wetenskaplike navorsing en ontwikkeling.

Vierdens is dit noodsaaklik om kennis te neem van die verset wat sedert ongeveer 1950 teen dié ongelukkige toedrag van sake aan die oplaai was. Daar kan natuurlik bespiegel word waarom dié verset nou juis in hierdie jare so sterk gegroei het. Die belangrikste rede daarvoor is na my mening die oorwinning van die Nasionale Regering van dr D F Malan op 26 Mei 1948. Dit is opvallend dat die opdrag aan die Museumkommissie, wat volgens dr Eybers die volk laat wakker skrik het, op 23 September 1948 gegee is. Soos F A van Jaarsveld ook tereg aangetoon het, verteenwoordig die tydperk na 1948 ook die restourasie- of hersteltydperk "waarin daar na die verlede teruggekyk is met die oog op die toekoms. Die Afrikaners het doelbewus daarna gestrewe om hulle ideaal van 'n republikeinse staatsvorm wat op historiese herinnerings teruggaan, te verwesenlik."[103] Soos in die dae van die Suid-Afrikaanse Republiek, is die Museum ook onder die Departement van Onderwys ingeskakel en het dit inderdaad in 'n toenemende mate prioriteit geniet. Hierdie waarneming is ook deur kol G R Duxbury, 'n vorige President van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging, in sy presidentsrede in 1977 gemaak. Hy het die Nasionale Regering geloof vir die fenomenale voor= uitgang wat dit in die museumwese van Suid-Afrika bewerkstellig het.[104]

Hiermee hang enkele gebeurtenisse saam wat in hierdie era van 'n nasionale ontwaking by die Afrikaner opnuut belangstelling vir die kulturele erfenis gewek het. Die eerste is seker die inwyding van die Voortrekkermonument in Pretoria in 1949 met die treffende voorspel van die Rapportryersonderneming wat sedert 10 Oktober van daardie jaar in vyftien roetes na Pretoria beweeg het. Hierdie Rapportryers het onder andere die boodskap gedra: "Rapportryers, herinner Suid-Afrika op pad monument toe weer aan die mylpale in sy geskiedenis en aan die boodskappe van vergange gebeurtenisse."[105] Die hoogtepunt van hierdie feesviering vind plaas op Vrydag 16 Desember 1949. By dié geleentheid was

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


'n kwart miljoen mense teenwoordig wat inderdaad getuig van 'n landswye opwelling van Afrikanervolkstrots en-nasionalisme.

In die daaropvolgende elf jaar was daar nog minstens vier feesgeleenthede wat ongetwyfeld ook 'n bydrae gelewer het om die oog vir die nasionale besit te open. Hierdie feeste was onder andere die Driehonderdjarige Van Riebeeckfees in 1952, die Honderdjarige Fees van Pretoria in 1955, die Uniefees in 1960 en Republiekwording in 1961. Hierdie gebeurtenisse het sedert 1948 'n onskatbare bydrae gelewer om die waarde van die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika onder die aandag van die volk te bring. Dit gebeur in so 'n mate dat die kultuurhistoriese museum, in vergelyking met die voorafgaande jare waarin dit misken en skade berokken is, 'n "bloeitydperk" tegemoetgegaan het.

Die jare sestig van die twintigste eeu kan daarom die "goue jare" van die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika genoem word. Die goeie gesindheid van die Nasionale Regering en 'n breër bewuswording van die kosbare erfenis in verskillende versamelings, het medestryders in 'n "kulturele aanslag" verenig. Drie belangrike deurbrake is bewerkstellig.

Eerstens, die spontane stimulering van versameling wat aanleiding gee tot die stigting van 'n groot aantal musea op munisipale en provinsiale vlak. Een en veertig musea word tussen 1961 en 1971 in Suid-Afrika opgerig. Dit gaan verder gepaard met 'n besondere belangstelling op provinsiale vlak. Natal,[106] die Kaap[107] en Transvaal[108] se Provinsiale Museumdienste ontwikkel in dié tyd in besonder effektiewe organisasies. Die groei in die Kaapprovinsie word duidelik deur statistiek aangetoon. Goedgekeurde provinsiale musea toon die volgende groei: 4 in 1913, 8 in 1957, 17 in 1966 en 36 in 1976.[109] Die ontwikkeling op provinsiale vlak in die Oranje-Vrystaat kom eers in 1977 op dreef maar het reeds onder leiding van die besonder geïnspireerde leiding van prof P J Nienaber merkwaardige vordering gemaak.

Die dinamiese invloed van prof Nienaber is egter nie tot die Vrystaat beperk nie. Dit is merkwaardig om daarop te let dat hy op 10 Junie 1960 ook die gesprek aan die gang gesit het aangaande die moontlikheid om versamelings oor skrywers wat op die Transvaalse platteland gewoon en gewerk het, byeen te bring. Die Raad van Advies insake 'n Transvaalse

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Provinsiale Biblioteekdiens het hierdie gedagte verder gevoer en die Biblioteekdiens se Direkteur versoek om die saak op te volg.[110] Dié onderhandelinge loop uit op die instelling van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens soos goedgekeur deur die Provinsiale Raad in Mei 1970 en in die Provinsiale Koerant van 30 September 1970 as Ordonnansie 12 van 1970 gepubliseer. Hierdie Museumdiens het sedertdien werk van voortreflike gehalte gelewer en onteenseglik daarin geslaag om die museumkundige gehalte van, ingelyfde musea, waarvan daar reeds 20 in 1977 was, ingrypend te verhoog. Veral op die gebied van dokumentasie van museumvoorwerpe is reeds besondere hoogtes bereik.

Een van die betekenisvolste bydraes is egter die tema-afbakening vir Transvaal wat meebring dat elke omgewing in die provinsie van 'n toepaslike tema voorsien word. Só het Middelburg byvoorbeeld die opdrag ontvang om onder andere aandag te skenk aan die volkekunde en dan in die besondere die Suid-Ndebele, kultuurgeskiedenis van die eie omgewing met besondere aandag aan Fort Merensky, die konsentrasiekampe, die sendingstasie en die landbou van die oostelike Hoëveld. Pietersburg se opdrag behels kuns, argeologie (Steentydperk), volkekunde met besondere aandag aan die Noord-Ndebele en Noord-Sotho.[111]

Hierdie afbakening sal ongetwyfeld tot gevolg hê dat plattelandse versamelings georden word en terselfdertyd verhoed dat klein, stereotiepe versamelings oral tot stand kom. Hierdie besondere werkswyse is ook deur die Vrystaatse Museumdiens oorgeneem en kan alleenlik verwelkom word. Die Transvaalse Museumdiens het verder ook 'n besondere leemte gevul met die publikasie van die nuusblaadjie, Overvaal Musea-Nuus, wat sedert 1974 verskyn. Die doel daarvan is om die publiek meer museum- en bewaringsbewus te maak. Daar word later verwys na enkele verbeeldingryke projekte wat reeds aan=gepak is.

'n Tweede deurbraak tydens die "goue jare" van kultuurhistoriese musea in Suid-Afrika is die aanstelling van vakkundige museumpersoneel wat aan kultuurhistoriese versamelings wetenskaplike aandag kon skenk. Daar is reeds na verwys dat die Transvaal-Museum tot in 1953 nooit 'n behoorlik wetenskaplik toegeruste vakkundige in sy personeel gehad het om die kultuur=historiese versameling te versorg nie. Sover vasgestel kon word was dit ook die geval in al die ander algemene musea in Suid-Afrika. In 1953 is mev

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Kotie Roodt-Coetzee aangestel. Dit is sonder twyfel een van die belangrikste mylpale in die geskiedenis van die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika. Hierdie vrou het, menslik gesproke, sedert hierdie heuglike datum wonders verrig. Sy het nie alleen 'n nuwe era ingelei ten opsigte van dokumentasie van kultuurhistoriese voorwerpe nie, maar ook 'n besondere rol gespeel in die bewaring van die belangrikste versameling in die land en 'n nuwe dimensie aan die uitbouing daarvan gegee. Daar kan ook in dié verband verwys word na die aanstelling van dr Mary Cook in 1959 op die personeel van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad. Alhoewel dr Cook 'n medikus is en dus nie 'n formele opleiding in kultuurgeskiedenis gehad het nie, het sy sedert haar koms uit Engeland 'n intense belangstelling in die vakgebied geopenbaar en 'n prysenswaardige studie van die Kaaps-Hollandse argitektuur en die algemene kultuurgeskiedenis van dié geweste onderneem. Haar aanstelling het ook gou vrugte afgewerp deurdat sy op wetenskaplike wyse aandag ge=skenk het aan die uitstallings in die Koopmans de Wet-huis. Die waardevolle dienste van hierdie dame het ook daartoe bygedra dat die Museum die bekende Heller-versameling van Kaapse silwer bekom het.[112]

Die derde en miskien ingrypendste en terselfdertyd betekenisvolste oorwinning wat behaal is, is die selfstandigwording van die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika. Hierdie oorwinning waaraan oor lange jare gewerk is, is die eerste keer in Transvaal gesmaak. In die Staatskoerant van 21 Augustus 1964 verskyn Goewerments Kennisgewing No. 1291, waarin verklaar word dat die Kultuurhistoriese Afdeling van die Transvaal-Museum selfstandig word. Dié Afdeling sou bestaan uit die Ou Museum in Boomstraat wat dateer uit die Republikeinse era, die Krugerhuis en die Opelugmuseum wat in Pretoria opgerig sal word, en sou voortaan bekend staan as "Die Nasionale Kultuur=historiese en Opelugmuseum". Dit is tog insiggewend om daarop te wys dat dit die wens en begeerte van die Bestuur van die Historiese Komitee van die Transvaal-Museum was dat die nuwe kultuurhistoriese museum die naam "Staats=museum" moes ontvang. Daarmee sou die historiese naam in ere herstel word, wat 'n verdere bewys is van die vurige begeerte wat in dié tyd bestaan het om die ou Republikeinse ideale in die nuwe era na 1961 weer te laat herleef. Die betrokke Minister het egter gemeen dat daar met die nuwe naam volstaan moes word.[113] Dit is jammer.

Die selfstandigwording van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum het nie alleen 'n nuwe era vir die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


ingelui nie, maar ook die begin van die amptelike poging om 'n nasionale opelugmuseum op te rig.

Die voorbeeld wat in Pretoria gestel is, sou spoedig dwarsdeur die land weerklank vind. Die Albanie-Museum het in 1965 'n aparte gebou vir sy kultuurhistoriese versameling opgerig,[114] terwyl die Suid-Afrikaanse Museum se kultuurhistoriese afdeling ook in 1966 amptelik selfstandig geword het. Dit sou voortaan bekend staan as die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum en is in die Ou Hooggeregshofgebou aan die bopunt van Adderleystraat gevestig.[115] In dieselfde jaar kry Durban ook sy eie museum vir plaaslike geskiedenis wat ewe-eens in die Ou Geregshofgebou ingerig word.

Hierdie gebeure getuig voldoende van die merkwaardige agterstand wat die kultuurhistoriese museum in Suid-Afrika het. Dit toon ook dat 'n daadwerk= like poging tot die regstelling van hierdie historiese ontwikkeling eers in die vyftigerjare van dié eeu begin is. In die daaropvolgende dekade is betekenisvolle vordering gemaak.

Dit is juis hierdie historiese perspektief wat my aan die begin van hierdie hoofstuk genoop het om te beweer dat die ontwikkeling van 'n opelugmuseum in Suid-Afrika eenvoudig nie kon plaasvind nie. Die opelugmuseum is immers, soos reeds aangetoon, 'n gevorderde fase in die ontwikkeling van die kultuur= historiese museum. Die spreekwoordelike "kar wat nie voor die perde ingespan kan word nie" is ook in dié geval van toepassing. Die kultuurhistoriese museum moes éérs in Suid-Afrika in die posisie gestel word om sy taak na behore te verrig en moes éérs 'n belangrike rol vervul om die algemene publiek reg te stem en in te lig, voordat dit moontlik kon word om die owerhede en veral die amptenaar-burokrasie te oortuig van die belangrikheid en selfs noodsaaklikheid van die verdere ontwikkeling in die rigting van 'n opelugmuseum.

Hierdie fundamentele en belangrike aspek is in die verlede nie altyd besef nie. Die gevolg was dat daar soms verbittering tussen strydgenote ontstaan het, waar die een die ander verwyt dat deur sý of háár toedoen Suid-Afrika tot dusver beroof is van sy nasionale opelugmuseum.

Hierdie wanindruk kan egter alleen uit die weg geruim word as die lofwaardige pogings om 'n opelugmuseum op te rig in sy regte konteks geplaas word. In

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


die lig van voorafgaande beskrywing van die aard van die ontwikkeling van die museumwese in Suid-Afrika kan nou daartoe oorgegaan word om hierdie pogings om die opelugmuseum op te rig, te beskryf.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


## VERWYSINGS

1 A N Pelzer: Reisbeskrywings in die Suid-Afrikaanse Historiografie (Aspekte van die Suid-Afrikaanse Historiografie (red G Cronjé), bl 58 - 92).

2 Mia C Karsten: Heurnius and Hermann, the Earliest Known Plant Collectors at the Cape (Journal of South African Botany, Vol XXIX Deel 1, Januarie 1963, bl 27); J P de Bie en J Loosjes (red): Heurnius (Justus) (Biographisch Woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in Nederland, Derde Deel, bl 789 - 796); P C Molhuysen en P J Blok (red): Heurnius (Nieuw Nederlandsch Biografisch Woordenboek, Vierde Deel, bl 746 - 747, asook die Vyfde Deel, bl 230 - 231).

3 Mia C Karsten: Carl Peter Thunberg. An Early Investigator of Cape Botany (Journal of South African Botany, Vol V, 1939, bl 87); Mia C Karsten: Heurnius and Hermann, the Earliest Known Plant Collectors at the Cape (Journal of South African Botany, Vol 33, April 1967, bl 117 - 132, en Vol 33, Julie 1967, bl 161 - 175); P Edwards: Some Manuscripts relating to South African Botany in the William Sherard Collection in the Bodleian Library at Oxford (Journal of South African Botany, Vol 30, Julie 1964, bl 103 - 105).

4 Francois Valentyn: Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de Zaaken daar toe behoorende, V R V, sien inleiding van prof P Serton, bl 20.

5 Peter Kolbe: Naaukeurige en Uitvoerige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop, bl 48 en 443.

6 Mia C Karsten: Carl Peter Thunberg. An Early Investigator of

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Cape Botany (Journal of South African Botany, Vol V, 1939, bl 4); Mia C Karsten: Sparrman as a Correspondent (Journal of South African Botany, Vol XXIII, April 1957, bl 43); J H Verduyn de Boer: Botanisten aan de Kaap (Die Huisgenoot, 15 April 1927, bl 29 - 31).

7 Mia C Karsten: Sparrman as a Correspondent (Journal of South African Botany, Vol XXIII, April 1957, bl 133).

8 W J Burchell: Travels into the Interior of Southern Africa.

9 Helen M McKay: William John Burchell, Botanist (Journal of South African Botany, Vol VII, 1941, bl 1vv); Helen M McKay: Sketch Map of Burchell's Trek (Journal of South African Botany, Vol IX, 1943, bl 27vv); Anon: William Burchell (1792 - 1863) (Die Huisgenoot, 23 Desember 1927, bl 47 - 51, en 6 Januarie 1928, bl 35 - 39).

10 James Backhouse: A Narrative of a Visit to the Mauritius and South Africa.

11 Thomas Baines: Journal of Residence in Africa, 1842 - 1853.

12 H Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806.

13 Andrew Steedman: Wanderings and Adventures in the Interior of Southern Africa.

14 M D Teenstra: De Vrughten mijner Werkzaamheden gedurende mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java, en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden.

15 Wouter Schouten: Oost-Indische Voyagie, Derde Boek, bl 185.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


16 Johan Nieuhof: Gedenkweerdige Brasiliaense Zee en Lant Reize na en door Oostindien, bl 10.

17 Johan Jacob Saar: Funfzehen-Jährige Kriegsdienste ... (Cape Good Hope 1652 - 1702 (red R Raven-Hart), bl 64).

18 Jean-Baptiste Tavernier: De Zes Reizen ... (Cape Good Hope 1652 - 1702 (red R Raven-Hart), bl 70).

19 Johann Wilhelm Vogel: Ost-Indianische Reise-Beschreibung, bl 57.

20 Elias Hesse: Ost-Indianische Reisebeschreibung (Cape Good Hope 1652 - 1702 (red R Raven-Hart), bl 228).

21 Francois Valentyn: Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de Zaaken daar toe behoorende, bl 116; Africana Aantekeninge en Nuus, Junie 1946, Deel III, nr 3, bl 97 - 98, en September 1946, Deel III, nr 4, bl 123 - 126.

22 Peter Kolbe: Naaukeurige en Uitvoerige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop, bl 284 - 285; Francois Valentyn: Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de Zaaken daar toe behoorende, bl 166 - 230.

23 Kaapse Staatsargief: C 704 Instructien 1775 - 1782, 29 Augustus 1776, 9 September 1778 en 15 September 1780.

24 H Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, bl 168.

25 A w, bl 171.

26 C 703 Instructien 1747 - 1764, 13 Mei 1754, bl 347.

27 C 488 Particuliere Brieven van en aan de Gouverneurs 1747 - 1776: Ink. Br. 14 Maart 1762, bl 389 - 393; Sien

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


ook C 488 Ink. Br. 10 Julie 1766, bl 451 - 453, en 10 September 1766, bl 457 - 458.

28 C Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika II, bl 298 - 302; J L M Franken: 'n Kaapse Huishoue in die 18de eeu uit Van Dessin se Briefboek en Memoriaal (Argief Jaarboek vir S A Geskiedenis, 1940, Deel I, bl 68); P C Coetzee: Die Nalatenskap van Von Dessin: die Begin van 'n Afrikaanse Biblioteektradisie (Historiese Studies, Universiteit van Pretoria, Jaargang III, 1942, bl 90 - 95); D H Varley: Joachim von Dessin and his Book Collection (Kwartaal=blad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Vol 16, nr 1, bl 8 - 21); D Bax: Zuid-Afrika's Eerste Openbare Verzameling op het Gebied van Kunst en Etnologie 1764 - 1821 (Verhandelingen der Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen, Afd Letterkunde, Nieuwe Reeks, Deel 75, nr 3, bl 5 - 132); A M Lewin Robinson: The History of the South African Library (Die Suid-Afrikaanse Biblioteek 1818 - 1968 (red C Pama), bl 1); R F M Immelman: Joachim von Dessin: Die Man en sy Boekery (Die Suid-Afrikaanse Biblioteek 1818 - 1968 (red C Pama), bl 15 - 34).

29 A M L Robinson: An American Girl at the Cape in 1834 (Kwartaal=blad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Deel 23, bl 84).

30 A M L Robinson (red): The Letters of Lady Anne Barnard to Henry Dundas, bl 88.

31 P R Kirby: Andrew Smith, M.D., Founder of the South African Museum (Annals of the South African Museum, Vol XXXVI, 1942 - 1947, bl 6 - 7).

32 Andrew Smith: A Descriptive Catalogue of the South African Museum, bl i.

33 Kaapstads Courant en Afrikaansche Berigter, Deel XX, Saterdag 25 Junie 1825.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



34 Kaapstads Courant en Afrikaansche Berigter, Vrydag 15 Junie 1825 en 12 Augustus 1825.

35 P R Kirby (red): The Diary of Dr. Andrew Smith; William F Lye (red): Andrew Smith's Journal of his Expedition into the Interior of South Africa 1834 - 36; Adrienne Sichel: Skatkis van Kennis (Suid-Afrikaanse Panorama, November 1975, bl 22 - 25).

36 P R Kirby: The South African Museum, as Exhibited in the Egyptian Hall, Picadilly, London, by Andrew Smith, M.D. in 1837 (SAMAB Vol IV, nr 5, Maart 1948, bl 113); R F H Summers: A History of the South African Museum 1825 - 1975, bl 11 - 21; Anon: The South African Museum Cape Town 1855 - 1955, bl 1; Suid-Afrikaanse Museumbiblioteek: Obituary, Z. 29, bl 165(a); Report of the Trustees of the South African Museum, 14 Febuarie 1856, bl 1.

37 Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake sekere Staats=ondersteunde Inrigtings, 1950, bl 75; Departement van Natuur=bewaring: Provinsiale Museums van Kaapland, bl 4.

38 H. Fransen: Guide to the Museums of Southern Africa, bl 78.

39 Die Patriot, 15 Junie 1877; De Express, 10 April 1884, hoof=artikel.

40 F A van Jaarsveld: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, 1868 - 1881, bl 172 - 176.

41 G D Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Deel III 1854 - 1881, bl 599 - 601.

42 Die Patriot: 11 Oktober 1878, 20 Junie 1879, 30 Mei 1879, 22 April 1881, 4 Julie 1879, 6 Februarie 1880.

43 De Zuid-Afrikaan, 25 November 1874, 30 Junie 1878, 27 Maart 1875; Sien ook 19 Junie 1875.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



44 De Zuid-Afrikaan, 1 Julie 1874.

45 F A van Jaarsveld: Lewende Verlede, bl 61 - 69;
F A van Jaarsveld: Geskiedkundige Verkenninge, bl 40;
F A van Jaarsveld: Afrikaner Quo Vadis?, bl 71 - 72.

46 H J Hofstede: Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat in 1876;
C P Bezuidenhout: De Geschiedenis van het Afrikaanse Geslacht van 1688 tot 1882. (1883).

47 S J du Toit e a: Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk. (1877).

48 Weilbach en Du Plessis: De Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog. (1882); F Lion Cachet: De Worstelstrijd der Transvalers. (1883); Dr J A Roorda Smit: Het Goed Recht der Transvaalsche Boeren. (1883).

49 Het Volksblad, 17 Februarie 1876.

50 Die Patriot, 7 Junie 1878.

51 Die Patriot, 1876, bl 44 en 87.

52 The Express, 26 Julie 1877: "National Museum"; Argief Nasionale Museum, Bloemfontein: Minutes of Meeting of the Museum Committee, 27th July 1877.

53 The Express, 23 Mei 1878.

54 Argief Nasionale Museum, Bloemfontein: "Memorial to His Honor the President and the Chairman and Members of the Volksraad, signed by the Committee, Bloemfontein 24 April, 1879".

55 Gegewens vervat in die huidige uitstallings in die ou Raadsaal.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


56 A H Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836 - 1900, bl 93; J D du Toit: Ds S J du Toit in Weg en Werk, bl 63.

57 S P Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, bl 99 - 142. Sien verder De Volksstem, 17 Januarie en 10 Oktober 1874.

58 A H Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836 - 1900, bl 93; E G Malherbe: Education in South Africa, Vol 1 1652 - 1922, bl 241.

59 De Volksstem, 23 September 1876: 'n Oproep van dr Roorda Smit om voorwerpe te skenk vir die Museum en boeke vir die Biblioteek; Sien ook De Volksstem, 30 Desember 1876.

60 De Volksstem, 16 Mei 1894.

61 Eerste Volksraad Notule, 1894, bl 14, artikel 25; Tweede Volksraad Notule, 1894, bl 21 - 22, artikel 50.

62 ZAR 24, Besluite van die Uitvoerende Raad, 1 Desember 1892, artikel 934.

63 Argief van die Transvaal-Museum: Notule van die Curatorium.

64 De Volksstem, 16 September 1893.

65 ZAR 179, Staats-Almanak 1894, bl 79.

66 ZAR 141, Verslag van die Departement Publieke Werke, 1893, bl 4.

67 OD Band 438: Circulaire Het Staatsmuseum, Junie 1893.

68 Vergelyk byvoorbeeld Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum=argief: TM/OM 1, Memorandum vir voorlegging deur die Historiese

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Genootskap van Suid-Afrika aan Sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, bl 3.

69 J W B Gunning: A Short History of the Transvaal Museum (Annals of the Transvaal Museum, nr 1, April 1908, bl 4); Transvaal-Museumargief: Lêer met Toesprake, Lesings en Dokumente van dr J W B Gunning.

70 ZAR 120, Jaarverslae van die Departement van Onderwys, 1893 – 1898; Vergelyk ook verslae wat in die pers gepubliseer is: Staats Courant, 30 Desember 1893; De Volksstem, 4 April 1896; Sien ook De Volksstem, 17 Januarie 1894.

71 ZAR 120, Jaarverslae van die Departement van Onderwys, 1898, bl 181.

72 A w, bl 180.

73 Eerste Volksraad Notule, 1893, bl 438, artikel 1247. Toestemming word aan Paul Krantz verleen om gedurende verbode tyd in belang van die Staatsmuseum te gaan jag.

74 ZAR 24, Besluite van die Uitvoerende Raad, 26 April 1899, artikel 438.

75 ZAR 24, Besluite van die Uitvoerende Raad, 19 Desember 1893, artikel 732.

76 V FitzSimons en L Brain: Geskiedenis van die Transvaal-Museum (Transvaal-Museum Bulletin, nr 13, 30 November 1972, bl 6).

77 ZAR 120, Jaarverslag van die Departement van Onderwys, 1897, bl 99.

78 Staats Courant, 2 Maart 1898; ZAR 24, Besluite van die Uitvoerende Raad, 18 April 1899, artikel 404.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


79 Transvaal-Museumargief: Lêer met Toesprake, Lesings en Dokumente van dr J W B Gunning.

80 P J de Beer: Die "Zuid-Afrikaansch Museum" te Dordrecht 1902 - 1921, bl 1 - 7; Joubert-versameling: Band 7, bl 743 - 745; 'n Volledige lys van dié toekennings verskyn ook in die Leyds-argief: Band 908, II, bl 276, en Leyds: "Derde Versameling: Correspondentie 1900", Deel I, bl 262 - 263; Nr 260: Kiewiet de Jonge aan Leyds, 14 Augustus 1900; Sien ook A Meyroos: Beknopte Beschrijving van het Zuid-Afrikaansch Museum te Dordrecht, bl 47 - 51.

81 Transvaalse Argiefbewaarplek: Secretary to Transvaal Administration, 5186/01.

82 Austin Roberts: The Birds of South Africa (1940), en The Mammals of South Africa (1951); Sien Transvaal-Museumargief: "Ou Lêers Weggepak", nr 170.

83 Georges van Son: The Butterflies of Southern Africa; Sien Transvaal-Museumargief: "Ou Lêers Weggepak", nr 312.

84 Raymond A Dart: Robert Broom - His Life and Work (South African Journal of Science, Vol 48, nr 1, Augustus 1951, bl 3 - 19).

85 V F M FitzSimons: Snakes of South Africa en Field Guide to the Snakes of Southern Africa; Sien Transvaal-Museumargief: "Ou Lêers Weggepak", nr 207.

86 A J T Janse: Moths of South Africa; Transvaal-Museumargief: "Ou Lêers Weggepak", nr 234.

87 TM/OM I: Memorandum re Proposed New Museum of Cultural History, opgestel deur V F M FitzSimons, November 1958.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



88 Leyds-argief: Bande 909, 910 en 911.

89 P J de Beer: Die "Zuid-Afrikaansch Museum" te Dordrecht 1902 - 1921, bl 146.

90 Leyds-argief: Band 909, III, bl 650, koerantuitknipsel uit The Times, 5 September 1911. Die Nederlandse pers, onder andere die Nieuwe Rotterdamsche Courant van 7 September 1911, het skerp hierop gereageer; Sien Leyds-argief 909, III, bl 656.

91 Argiefstukke van die Genootskap Oud-Pretoria in die Transvaalse Argiefbewaarplek: A1266/1/1/W, 1948: Memorandum ingelewer deur die Komitee insake die Historiese Museumwese in Pretoria by die Kommissie van Ondersoek na Musea en sekere Staatsondersteunde Inrigtings, bl 1.

92 A w, bl 12.

93 Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake sekere Staats=ondersteunde Inrigtings, bl 39 - 40.

94 A w, bl 201 - 219.

95 A w, bl 209.

96 A1266/1/1/13R: G W Eybers: Kultuur uit ons Stamlande en uit Eie Bodem. 'n Suid-Afrikaanse Opelugmuseum (Radiobespreking, 11 Januarie 1960).

97 TM/OM I: Memorandum vir voorlegging deur die Historiese Genootskap van Suid-Afrika aan Sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, bl 1 - 4.

98 In 1934 is die Krugerhuis deur 'n komitee aangekoop en aan die Transvaal-Museum oorhandig.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


99 Die Bewaringskomitee het die Koopmans de Wet-huis in 1913 gekoop en aan die Museum oorhandig.

100 Castle Hill No 7, die oudste huis wat nog in Port Elizabeth staan, is in 1963 gekoop en aan die Museum oorgedra; C F Snyman: Huis op die Heuwel (Suid-Afrikaanse Panorama, Mei 1975, bl 8 - 11).

101 Die Volksblad, 30 September 1931; Die Volksblad, 2 Oktober 1931; The Friend, 1 Oktober 1931.

102 Hans Fransen: Guide to the Museums of Southern Africa, bl 142; Anna H Smith: Treasures of the Africana Museum, bl 8 - 9; Berna Maree: Hier lewe ons Voorvaders (Suid-Afrikaanse Panorama, Desember 1962, bl 22 - 25).

103 F A van Jaarsveld: Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652 - 1966, bl 259.

104 G R Duxbury: Presidentsrede by die Jaarvergadering van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging in Durban, Mei 1977.

105 M C Botha: Die Huldejaar 1949, bl 30.

106 Ordonnansie Nr 26, 1973. Datum van inwerkingtreding van die Ordonnansie op Natalse Provinsiale Museums was 15 Februarie 1974.

107 D Hey en J L Steele: The Provincial Museums Service in the Cape Province (SAMAB Bulletin van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging, Deel 12, nr 5 1977, bl 188 - 193). Ordonnansie Nr 8, 1975, Die Museumordonnansie 1975, het op 1 Januarie 1976 in werking getree.

108 Ordonnansie 12 van 1970 waarvoor toestemming op 19 Augustus 1970 verleen is.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



109 D Hey en J L Steele: The Provincial Museums Service in the Cape Province (SAMAB Bulletin van die Suider-Afrikaanse Museum= vereniging, Deel 12 nr 5, 1977, bl 191).

110 Notule van die Raad van Advies insake 'n Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens, 10 Junie 1960; Transvaalse Provinsiale Administrasie: Verslag oor die Museumdiens vir die jaar geëindig 31 Desember 1971, bl 3; Overvaal Museanuus: Debatte en Verrigtinge van die Transvaalse Provinsiale Raad (Overvaal Museanuus, nr 3, Desember 1976, bl 3).

111 Transvaalse Provinsiale Administrasie: Verslag oor die Museumdiens vir die jaar geëindig 31 Desember 1973, bl 4; Transvaalse Provinsiale Administrasie: Verslag oor die Museumdiens vir die jaar geëindig 31 Desember 1974, bl 4.

112 Suid-Afrikaanse Museumbiblioteek: Report of the South African Museum for the year ended 31st March, 1959, Dept of History, bl 9 - 10.

113 Notule van die eerste vergadering van die Kultuurhistoriese Komitee van die Transvaal-Museum, Donderdag 26 September 1963, bl 6; Notule van die vergadering van die Komitee van die Kultuurhistoriese Afdeling van die Transvaal-Museum, Vrydag 1 Mei 1964, bl 2.

114 Suid-Afrikaanse Museumbiblioteek: Verslag van die Albanie-Museum, Grahamstad vir die jaar eindigende 31 Desember 1965, Voorsittersverslag, bl 1, en Verslag Departement Geskiedenis, bl 1.

115 Suid-Afrikaanse Museumbiblioteek: Report of the South African Museum for the period 1st April 1963 - 31st March 1964, bl 3; Report of the South African Museum for the year ending 31st March 1967, bl 1; Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museumbiblioteek: Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad, Verslag April 1966 - Maart 1976, bl 1.